higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT

# INLIGTINGVERWERKING N4

**08 November 2023 (X-vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 19 bladsye.**

# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INLIGTINGVERWERKING N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 300

---

## INSTRUKSIES AAN KANDIDATE EN TOESIGHOUERS

## 30 MINUTE WORD TOEGELAAT VIR DIE LEES VAN DIE INSTRUKSIES

| | TYD | PUNTE |
|---|---|---|
| **TIKTEGNIEK: AFDELING A** | **2 uur** | **200** |
| **WOORDVERWERKING: AFDELING B** | **1 uur** | **100** |
| **TOTAAL** | **3 uur** | **300** |

**LEES DIE VOLGENDE INSTRUKSIES AANDAGTIG DEUR VOOR JY DIE VRAESTEL BEANTWOORD. DIE TOESIGHOUERS SAL VERDUIDELIK INDIEN NODIG.**

## AFDELING A: TIKTEGNIEK

1. Kandidate wat nie gereed en betyds vir die TYDNOUKEURIGHEIDSTOETS (VRAAG 1) is nie, sal eers toegelaat word om die eksamenlokaal binne te gaan na die verstryking van die TIEN MINUTE wat vir die toets toegelaat word.

2. Kandidate mag minstens DRIE MINUTE voor die aanvang van die eksamen deur die tydnoukeurigheidstoets lees.

3. Die tydnoukeurigheidstoets moet aan die begin van die eksamen ingesleutel word. Geen kappies, deeltekens, ens. hoef gebruik te word nie, maar dit is wel noodsaaklik in die ander vrae.

4. Nadat die TIEN minute vir die tydnoukeurigheidstoets verstryk het, sal jou toets deur die toesighouer ingeneem en onderteken word. Die toets sal deur die toesighouer gehou word tot die einde van die eksamensessie waarna dit in jou teenwoordigheid in die EKSAMENVOUER geplaas sal word.

5. Beantwoord al die vrae.

6. Herwin die briefhoof wat as VRAAG 3 BRIEFHOOF op jou datadisket/hardeskyf/netwerkaandrywer gestoor is om VRAAG 3 te beantwoord.

7. Prosedure vir VRAE 2, 3, 4 en 5: Sleutel in, stoor, druk en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENVOUER.

8. Elke antwoord moet op 'n aparte A4-papier gedruk word. Gebruik net EEN kant van die bladsy.

## WOORDVERWERKING: AFDELING B

1. Beantwoord al die vrae.

2. Herwin V6A wat op jou disket/hardeskyf gestoor is en verwerk volgens die instruksies in VRAAG 6B.

3. Prosedure vir VRAE 7A en 8A: Sleutel in, stoor, druk en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENVOUER.

4. Herwin, kopieer en verwerk volgens die instruksies in deel B van elke vraag. Druk en gee deel A en deel B in.

5. Elke antwoord moet op 'n aparte A4-papier gedruk word. Gebruik net EEN kant van die bladsy.

## ALGEMEEN

1. Jy mag die ASCII-kodes gebruik.

2. GEEN aantekeninge of enige ontoelaatbare materiaal mag in hierdie artikels weggesteek of getranskribeer word nie.

3. Gebruik slegs Courier New 12 pt, behalwe as dit in die vraestel anders aangedui word.

4. Werk vinnig en akkuraat om die vraestel betyds klaar te maak.

5. Stoor jou werk op die rekenaar gereeld om te voorkom dat jy ingesleutelde data tydens kragonderbrekings verloor. Slegs die tyd wat die kragonderbreking geduur het, sal bykomend gegee word – GEEN ekstra tyd sal gegee word vir verlore werk nie.

6. In die geval van 'n fout met 'n rekenaar of drukker, sal die toesighouer die nodige reëlings tref sodat jy met die eksamen kan voortgaan, en die werklike verlore tyd sal vir jou gegee word.

7. Sleutel die VRAAGNOMMER asook jou EKSAMENNOMMER in vir elke vraag soos aangedui in die instruksies. Antwoorde sonder gedrukte EKSAMENNOMMERS sal nie nagesien word nie.

8. Gee aan die einde van die eksamensessie die volgende in:

   8.1 EKSAMENVOUER met DRUKSTUKKE in dieselfde numeriese volgorde as die vrae in die vraestel.

   8.2 Die kompakskyf/geheuestokkie waarop jou werk gestoor is, behoorlik gemerk met jou EKSAMENNOMMER. As die werk op die hardeskyf/netwerk gestoor word, moet die toesighouer(s) die antwoorde op 'n kompakskyf/geheuestokkie kopieer en die antwoorde moet onmiddellik van die hardeskyf/netwerk verwyder word. Kandidate se antwoorde moet vir ten minste 6 MAANDE bewaar word.

   8.3 ALLE ander DRUKSTUKKE moet ingegee word. GEEN DRUKSTUKKE mag uit die eksamenlokaal geneem word of in vullisblikke geplaas word nie.

9. Geen kandidaat mag sy/haar werk vir 'n ander kandidaat druk nie, mag nie sy/haar geheuestokkie of data op die hardeskyf/netwerk aan 'n ander kandidaat beskikbaar maak om daartoe toegang te verkry nie, of mag nie tot 'n ander kandidaat se werk toegang verkry nie. Enige poging om toegang tot 'n ander se inligting te bekom of om inligting in enige vorm na mekaar oor te dra, is 'n oortreding van die eksamenreëls en -regulasies en sal in 'n baie ernstige lig beskou en as 'n eksamenonreëlmatigheid hanteer word. Sodanige gevalle sal formeel ondersoek word en mag lei tot die terughouding van kandidate se uitslae.

---

**WAG VIR DIE OPSIENER SE INSTRUKSIE VOORDAT JY OMBLAAI.**

# AFDELING A

# TIKTEGNIEK

## MOENIE OMBLAAI VOOR DIE TOESIGHOUER VIR JOU DIE OPDRAG GEE NIE.

| | TYD | PUNTE |
|---|---|---|
| VRAAG 1: TYDNOUKEURIGHEIDSTOETS | 10 minute | 20 |
| VRAAG 2: TABEL | 37 minute | 60 |
| VRAAG 3: SAKEBRIEF | 29 minute | 48 |
| VRAAG 4: KOLOMME | 32 minute | 52 |
| VRAAG 5: AFRIKATAAL | 12 minute | 20 |
| TOTAAL | 120 minute | 200 |

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 1: TYDNOUKEURIGHEIDSTOETS**

**TYD: 10 MINUTE** **PUNTE: 20**

| | |
|---|---|
| KANTRUIMTES:<br>Links: 2.54 cm/1"<br>Regs: 2.54 cm/1"<br>SPOED: 35 wpm (minimumvereiste)<br>LETTERTIPE: Courier New 12 pt | PAPIER: A4-portret<br>WOORDBREKING: Geen<br>BELYNING: Links<br>REëLAFSTANDE: 2.0 |

1. Die tydnoukeurigheidstoets hier onder moet slegs een keer ingesleutel word.
2. Die teks maak voorsiening vir 35 en 40 woorde per minuut.
3. Sleutel as 'n kopskrif jou EKSAMENNOMMER (links belyn) en VRAAG 1 (regs belyn) in.
4. Stoor die dokument as V1 en maak 'n DRUKSTUK.
5. Nadat dit gedruk is, moet die tydnoukeurigheidstoets ingeneem word, alle bladsye onderteken en deur toesighouer gehou word. Die drukstuk(ke) sal dan aan die einde van die eksamensessie uitgedeel word, waarna jy dit in jou EKSAMENVOUER moet plaas.

'n Testament is 'n wettige dokument wat jou wense oor die beskikking van jou eiendom en die versorging van minderjarige kinders uiteensit. As jy sonder 'n testament sterf, kan daardie wense nie uitgevoer word nie. Daarbenewens kan jou erfgename uiteindelik ekstra tyd, geld en emosionele energie bestee om ná jou dood jou sake uit te stryk. Testamente wissel wat hulle doeltreffendheid betref, wat verband hou met die soort testament, hoewel geen dokument waarskynlik elke probleem wat na jou dood ontstaan, sal oplos nie.

Sommige mense dink dat slegs baie ryk mense of mense met baie bates testamente nodig het. Maar daar is baie goeie redes om 'n testament te hê. Jy kan duidelik aandui wie jou bates moet kry. Jy kan besluit wie kry wat en hoeveel. Jy kan jou bates uit die hande hou van mense wat jy nie wil laat erf nie, soos 'n vervreemde familielid. Jy kan identifiseer wie na jou kinders moet omsien. Sonder 'n testament sal die hof daaroor besluit. Jou erfgename sal vinniger en makliker toegang tot jou bates hê.

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 1 (VERVOLG)**

Jy kan beplan sodat jy minder boedelbelasting betaal. Jy kan ook geskenke en skenkings vir liefdadigheid gee wat kan help om boedelbelasting te verminder. Om te verseker dat jou wense uitgevoer word, skep wat bekend staan as 'n testamentêre trust. Dit is die bekendste tipe testament; jy berei die dokument voor en teken dit dan in die teenwoordigheid van getuies.

Dit is waarskynlik die beste manier om te verseker dat jou wense nie deur familielede of sakevennote teengestaan sal word nie. Jy kan self een skryf, maar 'n trust-en-boedelprokureur moet dit saamstel. As jy intestaat sterf, dit wil sê sonder 'n testament, hou die staat toesig oor die beskikking van jou bates, en dan word dit volgens 'n

**35 wpm**

vaste formule gedoen.

As gevolg van die bepalings rondom gemeenskaplike goedere, bepaal die formule gewoonlik dat die helfte van jou boedel na jou gade gaan en die ander helfte na jou kinders.

**40 wpm**

So 'n verdeling kan daartoe lei dat die woonhuis verkoop moet

**[20]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 2: TABEL**

**TYD: 37 MINUTE** **PUNTE: 60**

| KANTRUIMTES:<br>Links: 1.27 cm/0,5"<br>Regs: 1.27 cm/0,5"<br>LETTERTIPE: Courier New 12 pt | PAPIER: A4-landskap<br>BELYNING: Links<br>WOORDBREKING: Geen<br>REëLAFSTANDE: 1.0 (behalwe waar anders aangedui) |
|---|---|

1. Sleutel as 'n kopskrif jou EKSAMENNOMMER (links belyn), en VRAAG 2 (regs belyn) in.
2. Sleutel die tabel in en neem alle proefleestekens in ag.
3. Belyn alle getalle regs.
4. Stoor die dokument as V2 en maak 'n DRUKSTUK.
5. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENVOUER.

Kandidaat →
- sleutel & voluit in dwarsdeur die hele dokument
- formateer kolomopskrifte na bk, vetdruk, kursief, sentreer

MM & TE Makh Associates 20 pt, bk, vetdruk, sentreer

‡

| NR → | Registreerder [Histories | Verkryger [Histories | Pro forma [Aanpassing | Pro forma [Gekombineer |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |
| Bedryfsbates[1] | | | | |
| Kontant & ekwivalente | 200,00 | 300,00 | 400,00 | 600,00 |
| Rekeninge betaalbaar, netto | 320,00 | 290,00 | 190,00 | 120,00 |
| Ander bedruifsbates sp | 500,00 | 650,00 | 330,00 | 400,00 |
| Niebedryfsbates | | | | |
| Eiendom & toerusting, netto | 200,00 | 400,00 | 500,00 | 600,00 |
| Bemarkbare sekuriteite | 300,00 | 400,00 | 300,00 | 400,00 |
| Totale bates ← vetdruk → | 1520,00 | 2040,00 | 1720,00 | 2120,00 |
| ~~90,0~~ skrap | | | | |
| Bedryfslaste trs | | | | |
| Opgeloopte aanspreeklikheid | 405,00 | 506,00 | 650,00 | 780.00 |
| Rekeninge betaalbaar | 350,00 | 430,00 | 340,00 | 150.00 |
| Niebedryfslaste | | | | |
| Skuld op looptyd | 555,00 | 204,00 | 250,00 | 320,00 |
| Ander niebedryfslaste | 800,00 | 350,00 | 660,00 | 250,00 |
| Totale skuld ← vetdruk → | 2110,00 | 1490,00 | 1900,00 | 1500,00 |
| Aandeelhouers se aandele | 200,00 | 400,00 | 600,00 | 800,00 |
| Skuld en aandeelhouers ⅃ se aandele<br>loop aan | 123,0 0 | 246,00 | 369,00 | 480,00~~0~~ skrap |

1 Ongeouditeerde ∧ forma verkorte gekombineerde balansstaat ∧ pro

**[60]**

## VRAAG 3: SAKEBRIEF

**TYD: 29 MINUTE** **PUNTE: 48**

| KANTRUIMTES:<br>Links: 3.81 cm/1.5"<br>Regs: 2.54 cm/1"<br>LETTERTIPE: Courier New 12 pt | PAPIER: Briefhoof<br>WOORDBREKING: Outomaties<br>BELYNING: Links<br>REëLAFSTANDE: 1.0 en soos aangedui |
|---|---|

1. Herwin die briefhoof VRAAG 3 BRIEFHOOF wat op jou netwerk/hardeskyf/geheuestokkie gestoor is.
2. As 'n voetskrif, sleutel jou EKSAMENNOMMER (links belyn) in.
3. Neem alle proefleestekens in ag.
4. Stoor die dokument as V3 en maak 'n DRUKSTUK.
5. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENVOUER.

Kandidaat:
1. Voeg paragraafopskrifte in hoofletters en vetdruk in.
2. Herrangskik paragrawe in numeriese volgorde.
3. Vervang kolpunte met subparagraafnommers (1.1, ens.).
4. Keep in en belyn paragrawe per tabelstopposisies.
5. Sleutel "TESTAMENT" in vetdruk in soos aangedui.

AAN: Mnr D Obama, Bosmanlaan 55, Port Elizabeth, 6000

VAN: John Maputla, Boedelbeplanningskundige

DATUM: Vandag se datum voluit

Sit korrek uiteen

‡

Geagte mnr Obama

‡

Vier hooftipes testamente bk, vetdruk, kurs, o/streep

‡

2. Testa mentêre trust

‡

trs

➢ 'n TESTAMENT met testamentêre trust plaas bates sommige in 'n trust tot / ~~voordeel~~ genot van jou begunstigdes, en benoem 'n trustee om / trust te hanteer. stet

‡

3. Gesamentlike testament

‡

voluit

➢ 'n Gesamentlike TESTAMENT word onderteken deur 2 of meer mense as 'n aparte TESTAMENT vir elke testateur. loop aan

‡

**VRAAG 3 (VERVOLG)**

1.ǂǂ Eenvoudige testament

ǂ

➢ Met 'n eenvoudige TESTAMENT kan jy besluit wie jou bates sal ontvang en ook 'n voog vir enige minderjarige kinders benoem. ~~Deur nou / tyd af te staan om seker te maak dat jy dinge reg doen, kan jy 'n groot verskil maak vir jou geliefdes.~~ 9

ǂ

4.ǂǂ Lewende testament

ǂ

➢ 'n Lewende TESTAMENT stel jou in staat om te kies watter mediesse (sp) behandelings jy wil hê as jy nie meer vir jouself kan praat nie. [Maak seker dat jou geliefdes en eiendom beskerm word. NP

ǂ

Die uwe

sit afsluiting korrek uiteen

**[48]**

## VRAAG 4: KOLOMME

**TYD: 32 MINUTE** **PUNTE: 52**

| KANTRUIMTES:<br>Links: 2.54 cm/1"<br>Regs: 2.54 cm/1"<br>BELYNING: Links (behalwe waar anders aangedui) | PAPIER: A4-portret<br>WOORDBREKING: Geen<br>LETTERTIPE: Arial Narrow 12 pt<br>REëLAFSTANDE: Enkel (behalwe waar anders aangedui) |
|---|---|
| 1. Sleutel as 'n kopskrif jou EKSAMENNOMMER (links belyn), en VRAAG 4 (regs belyn) in.<br>2. Neem alle proefleestekens in ag.<br>3. Stoor die dokument as V4 en maak 'n DRUKSTUK.<br>4. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENVOUER. | |

Kandidaat:
1. Skep twee kolomme, verdeel inhoud soos aangedui, voeg kolpunte van jou keuse in en keep in.
2. Voeg verskillende soorte testamente in kursief in en onderstreep.

Skuif

vennoot

As jy nie 'n testament het nie, kan jou ~~metgesel~~ haweloos word en jou kinders se erflating kan na ʌ aangewese voog of / regering se voogdefonds gaan. stet ʌ hulle

Eenvoudige testament bepaal wie / begunstigdes is en wat hulle sal ontvang.

Testamentêre trust is nuttig as jy begunstigdes het wat minderjariges is of wat nie jou besittings moet erf nie.

1ste kolom

Lewende testament het niks te doen met / verdeling van jou eiendom na jou dood nie.

Gesamentlike testament word opgestel deur gades wat / ander gade laat erf.

2de kolom

~~Voor- en nadele van 'n gesamentlike testament~~

Jy kan een as meer soort testament gelyk hê. trs loop aan

'n Ervare boedelbeplanningsprokureur se hulp is noodsaklik om / regte tipe testament te kies. Staan tyd af, doen dinge reg, maak 'n verskil. sp

Beskerm jou geliefdes sowel as jou besittings 14 pt, hfls, vetdruk, sentreer

**[52]**

## VRAAG 5: AFRIKATAAL

**TYD: 12 MINUTE** **PUNTE: 20**

| KANTRUIMTES:<br>Links: 2.54 cm/1"<br>Regs: 2.54 cm/1"<br>LETTERTIPE: Courier New 12 pt | PAPIER: A4-portret<br>WOORDAFBREKING: Geen<br>BELYNING: Links<br>REëLAFSTANDE: 2.0 |
|---|---|
| 1. Sleutel as 'n kopskrif jou EKSAMENNOMMER (links belyn), en VRAAG 5 (regs belyn) in.<br>2. Stoor die dokument as V5 en maak 'n DRUKSTUK.<br>3. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENVOUER. | |

Ndaka ya muthu o lovhaho i wanala musi muthu a tshi lovha hu na ndaka ye a sia kana linwalo la wili. Zwo ralo ndaka ya mufu itea u vhigwa kha magisitarata muhulwane hu sa athu fhela maduvha a fumi ina musi muthu o lovha.

Lufu lu nga vhigwa nga muthu munwe na munwe are na maanda a u langa ndaka ya mufu kana linwalo la wili. Kha vha wane zwinzhi ngaha ndaka ya mufu wavho.

**[20]**

**TOTAAL AFDELING A: 200**

Kopiereg voorbehou 

# AFDELING B

# WOORDVERWERKING

# WERK VINNIG EN NOUKEURIG

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **VRAAG 6:** | **PARAGRAWE** | **A** | **Reeds ingesleutel** | **00** |
| | | **B** | **15 minute** | **25** |
| **VRAAG 7:** | **AANSOEKBRIEF** | **A** | **10 minute** | **16** |
| | | **B** | **14 minute** | **24** |
| **VRAAG 8:** | **CURRICULUM VITAE** | **A** | **9 minute** | **15** |
| | | **B** | **12 minute** | **20** |
| **TOTAAL** | | | **60 minute** | **100** |

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 6B: VERWERKING**

**TYD: 15 MINUTE** **PUNTE: 25**

1. Herwin die dokument V6A wat op jou netwerk/hardeskyf/geheuestokkie gestoor is.
2. Verwerk volgens die proefleesinstruksies en soos aangedui in die teks.
3. Verander die linker- en regterkantruimtes na 2.54 cm/1".
4. Verander die lettertipe van die dokument na Courier New 12 pt.
5. Belyn die dokument links en stel woordbreking na outomaties.
6. Verander die reëlafstande na enkel, behalwe waar anders aangedui.
7. Keep paragrawe in.
8. Sleutel as 'n kopskrif jou EKSAMENNOMMER (links belyn), en VRAAG 6B (regs belyn) in.
9. Stoor die dokument as V6B en maak 'n DRUKSTUK.
10. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENVOUER.

Kandidaat:
1. Alle kolpuntopskrifte moet in hoofletters wees en onderstreep word.
2. Vervang [eksekuteur] met [eksekuteur] in hoofletters en kursief.
3. Sleutel alle onderstreepte getalle voluit in.
4. Voeg 'n bladsynommer in onder, regs en slegs op bladsy twee.

Stel jou testament op voeg in, gebruik WordArt, bk, vetdruk

‡

sp

Begin jou voorbereiding vir 'n testament deur 'n lys van jou battes en skuld op te stel. Maak seker dat jy die inhoud van bankkluise, familie-erfstukke en ander bates insluit wat jy aan 'n bepaalde persoon of entiteit wil bemaak. [Die opdragbrief kan meer informeel as die testament geskryf wees. Dit kan ook besonderhede insluit wat jou eksekuteur sal help om jou boedel te beredder, soos rekeningnommers, wagwoorde en selfs begrafnisinstruksies. NP

‡ voeg kolpunte in, keep in en belyn alle paragrawe dienooreenkomstig

❖ Hoe om jou testament voor te berei en te bekragtig [Jy hoef nie noodwendig professionele hulp te kry om 'n geldige testament op te stel nie. As jy die taak op jou eie wil aanpak, is daar verskeie rekenaarprogramme beskikbaar om jou te help. Sodra jy die dokument opgestel het, moet getuies dit teken – gewoonlik twee geestelik gesonde volwassenes wat jou goed ken. NP

‡

onderskryf

In sommige lande moet 'n testament ook ~~gewaarmerk~~ wees, volg dus die reëls waar jy woon. Selfs as daardie formaliteit nie nodig is nie, kan jy dit oorweeg dat jou getuies 'n selfbevestigende beëdigde verklaring aflê. ~~Dit word in die teenwoordigheid van 'n notaris geteken, en die dokument kan die proefproses vergemaklik deur die waarskynlikheid te verminder dat getuies voor die hof geroep sal word om hul handtekeninge en die egtheid van die testament te bekragtig.~~ stet skrap

‡

**VRAAG 6B (VERVOLG)**

❖ ʎ Kies 'n eksekuteur vir jou testament [Jy moet 'n lewende persoon benoem as die eksekuteur van die boedel. Daardie persoon is dikwels 'n eggenoot, volwasse kind of 'n ander vertroueling soos 'n vriend of familielid, en is verantwoordelik vir die administrasie van die boedel. [Een van die belangrikste dinge wat jou testament kan doen, is om jou eksekuteur te bemagtig om jou rekeninge te betaal en skuldinvorderaars te hanteer. NP NP

-------------------------------------------------bladsybreek-------------------------------------------------

trs

❖ ʎ Waar om 'n testament te hou [’n Hof vereis toegang gewoonlik tot jou oorspronklike testament voor jou boedel beredder kan word. Dit is dan van kardinale belang om die dokument te hou waar dit veilig en tog toeganklik is. Moenie dit in 'n bankkluis of op enige ander plek stoor waar jou gesin 'n hofbevel benodig om toegang te verkry nie. [Laat dan ten minste jou eksekuteur weet waar die oorspronklike testament gestoor word, saam met die nodige inligting soos die wagwoord vir die kluis. Gee ook getekende afskrifte aan die eksekuteur en jou prokureur as jy 1 het. NP NP

‡

❖ ʎ Hoe om 'n testament te verander [Jou testament hoef dalk nooit bygewerk te word nie, of jy kan kies NP

loop aan

om dit gereeld by te werk. Onthou, die enigste weergawe van jou testament wat saak maak, is die jongste een wat geldig was ten tyde van jou dood.

‡ vetdruk, kurs, o/streep

'n Goeie beginsel: [Hersien jou testament elke 2 of 3 jaar en tydens belangrike oomblikke in jou lewe. Sulke gebeure kan 'n huwelik, egskeiding of die geboorte van 'n kind insluit. Volwasse kinders het waarskynlik nie voogde nodig wat in 'n testament genoem word nie. NR

‡ vetdruk, kurs, o/streep

Veranderinge is maklik: [Stel 'n nuwe testament op om die ou een te vervang of maak 'n toevoeging met behulp van 'n wysiging bekend as 'n kodisil. As gevolg van die ernstige aard van kodisille en hul vermoë om die hele testament te verander, moet twee getuies gewoonlik teken wanneer 'n kodisil bygevoeg word, baie soos toe die oorspronklike testament geskep is. NR

‡

Kopieer hoofopskrif hier en behou formaat soos dit is.

**[25]**

**VRAAG 7A: AANSOEKBRIEF**

**TYD: 9 MINUTE** **PUNTE: 16**

| KANTRUIMTES:<br>Links: 2.54 cm/1"<br>Regs: 2.54 cm/1"<br>LETTERTIPE: Courier New 12 pt | PAPIER: A4-portret<br>WOORDBREKING: Geen<br>BELYNING: Links<br>REëLAFSTANDE: 1.5 |
|---|---|
| 1. Sleutel as 'n kopskrif jou EKSAMENNOMMER (links belyn) en VRAAG 7A (regs belyn) in.<br>2. Stoor die dokument as V7A en maak 'n DRUKSTUK.<br>3. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENVOUER. | |

Alhoewel ek tevrede is met my huidige werk, is die geleenthede vir bevordering beperk en het ek geen ander keuse as om by ander departemente aansoek te doen nie. Ek is 35 jaar oud en vandat ek aan die hoërskool Bergvlam gematrikuleer het, werk ek by die Departement van Justisie in Klerksdorp.

Ek stel belang in die bogenoemde pos wat in die SA koerant geadveteer is. Op die oomblik studeer ek vir 'n LLB-kursus en ek is vol vertroue dat my ervaring 'n aanwins vir u organisasie sal wees.

DANKIE VIR U OORWEGING VAN MY AANSOEK.

(16)

**VRAAG 7B: VERWERKING**

**TYD: 14 MINUTE** **PUNTE: 24**

1. Herwin die dokument wat as V7A gestoor is.
2. Verwerk volgens die instruksies en soos aangedui in die teks.
3. Verander VRAAG 7A in die kopskrif na VRAAG 7B .
4. Verander die reëlafstande van die dokument na enkel behalwe waar anders aangedui.
5. Verander die linkerkantruimte na 1.5".
6. Stoor die dokument as V7B en maak 'n DRUKSTUK.
7. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENVOUER.

Kandidaat: 1. Rangskik paragrawe in numeriese volgorde, maar laat die nommers weg.
2. Sit paragrawe uiteen volgens die korrekte tikreëls.
3. Belyn die sender se adres by 8.89 cm/3.5" links.

Voeg en sit onderstaande inligting korrek uiteen

Λ Sender: Chris Brown, Burgersparkweg 22, Kriel, 2276 bk

Λ Ontvanger: MM and TE Makh Associates, Posbus 345, Thabazimbi, 0789 bk

Λ Datum: Vandag se datum teen die linkerkantruimte

Λ Onderwerpopskrif: Aansoek om LLB-klerkskapsposisie bk, vetdruk, o/streep

Λ Geagte Heer/Dame

‡

4. Alhoewel ek tevrede is met my huidige werk, is die ~~opsies~~ ~~geleenthede~~ vir bevordering stet

beperk en het ek geen ander keuse as om by ander departemente aansoek te doen

nie. [2. Ek is 35 jaar oud en vandat ek by die Hoërskool NP kurs, dubbel/onderstreep bk

Bergvlam gematrikuleer het, werk ek by die Departement van kurs, dubbel/onderstreep

Justisie in Klerksdorp.

‡

1. Ek stel belang in die bogenoemde pos wat in die SA koerant geadveteer sp

is. [3. Op die oomblik studeer ek vir 'n LLB-kursus en ek is vol vertroue NP vetdruk, kurs

dat my ervaring 'n aanwins vir u organisasie sal wees.

‡

DANKIE VIR U OORWEGING VAN MY AANSOEK. sinskas

Λ uwe Die trs

sit afsluiting korrek uiteen

(24)
**[40]**

**VRAAG 8A: CURRICULUM VITAE**

**TYD: 9 MINUTE** **PUNTE: 15**

| KANTRUIMTES: | PAPIER: A4-portret |
|---|---|
| Links: 2.54 cm/1" | WOORDBREKING: Geen |
| Regs: 2.54 cm/1" | BELYNING: Links |
| LETTERTIPE: Courier New 12 pt | REëLAFSTANDE: 2.0 |

1. Sleutel as 'n kopskrif jou EKSAMENNOMMER (links belyn) en VRAAG 8A (regs belyn) in.
2. Stoor die dokument as V8A en maak 'n DRUKSTUK.
3. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENVOUER.

CV

Persoonlike besonderhede

Van: Maputla

Naam: Mapitsi Mary Millicent

Geboortedatum: 1977 Mar. 26

Id-nr: 7703260536088

Address: Burgersstraat 55, Uitbreiding 5, Pretoria, 0002

Vaardighede en bevoegdhede Uitstekend Goed Swak

Rekenaargeletterdheid Ja

Leierskapsvaardighede Ja

vaardighede Kommunikasie- Ja

(15)

**VRAAG 8B: VERWERKING**

**TYD: 13 MINUTE** **PUNTE: 20**

1. Herwin die dokument wat as V8A gestoor is.
2. Verwerk volgens die instruksies en soos aangedui in die teks.
3. Verander VRAAG 8A in die kopskrif na VRAAG 8B .
4. Verander alle opskrifte in die eerste kolom na hoofletters.
5. Stel linkertabelstoppe op 7.62 cm/3.0"; 11.18 cm/4.4"; 13.21 cm/5.2" in en belyn dienooreenkomstig.
6. Voeg 'n 3 pt rand rondom inligting in, die kopskrif uitgesluit.
7. Stoor die dokument as V8B en maak 'n drukstuk.
8. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENVOUER.

C.V. **voluit, gesp hfls, sentreer, gebruik WordArt**

Persoonlike besonderhede **hfls, vetdruk, onderstreep**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Van: | Maputla | | |
| Naam: | Mapitsi Mary Millicent **skrap** | | |
| Λ Huwelikstatus: | Λ Ongetroud | | |
| Λ Huistaal: | Λ Suid-Sotho | | |
| Geboortedatum: | 1977 Mar. 26 **voluit** | | |
| ID-nr.: **voluit** | 7703260536088 | | |
| Address: **sp** | Burgersstraat 55, [Uitbreiding 5, [ Pretoria, [0002 **NR, e/r** (**bk** **skrap [,]**) | | |
| Vaardighede en bevoegdhede | Uitstekend | Goed | Swak |
| Rekenaargeletterdheid | | Ja | |
| Leierskapsvaardighede | | | Ja |
| vaardighede Kommunikasie- **trs** | Ja | | |

(20)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING B: 100**
**GROOTTOTAAL: 300**

Kopiereg voorbehou